higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T850**(A)**(J24)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1

(4110011)

24 Julie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Trek 'n lyn onder elke onderafdeling nadat dit voltooi is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: VOORKOMING VAN ONGELUKKE

1.1 Noem SEWE oorsake van elektriese skokke in werkswinkels. (7)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Vergiftiging is 'n voorbeeld van ongelukke wat nie werksverwant is nie.

1.2.2 Versuim om behoorlike skoene in 'n werkswinkel te dra, kan baie gevaarlik wees.

1.2.3 Blase is tipiese simptome van tweedegraadse brandwonde.

1.2.4 Goeie en behoorlike ventilasie kan die aantal ongelukke in 'n werksplek verminder.

1.2.5 Goeie en behoorlike beligting kan die aantal ongelukke in die werksplek verminder.

1.2.6 Brandblussers behoort veilig in 'n stoorkamer bewaar te word om te voorkom dat werkers dit steel.

1.2.7 Oorkussings sal verseker dat oë te alle tye beskerm word wanneer daar in 'n werkswinkel gewerk word.

1.2.8 'n Tipiese voorbeeld van goeie huishouding is deur met masjiene te werk waarvan die veiligheidsmeganismes defektief is.

1.2.9 Derdegraadse brandwonde behels slegs die buitenste laag van die vel.

1.2.10 'n Nat, glibberige, vuil, olierige of ongelyke vloeroppervlak is 'n tipiese voorbeeld van 'n onveilige daad.

(10 × 1) (10)

1.3 Noem VIER dinge wat jy NIE aan 'n persoon met ernstige brandwonde moet doen terwyl jy wag vir die nooddienste om by die ongelukstoneel op te daag nie. (4)

[21]

VRAAG 2: DIENSVOORDELE

2.1 Beskryf kortliks elk van die volgende terme soos dit in pensioen- en voorsorgskemas gebruik word:

2.1.1 Onttrekkingsvoordeel

2.1.2 Ex gratia-voordeel

2.1.3 Afleggingsvoordeel

(3 × 2) (6)

2.2 Noem VYF voordele daaraan verbonde om by te dra tot 'n mediesefonds. (5)

2.3 Beantwoord die volgende vrae oor die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF):

2.3.1 Wat is die hoofdoel van die Werkloosheidsversekeringsfonds? (1)

2.3.2 Hoe dra werknemers by tot die Werkloosheidsversekeringsfonds? (1)

2.3.3 Voltooi die volgende stellings:

(a) Werknemers behoort aansoek vir hierdie voordeel te doen binne … maande van werkloosheid. (1)

(b) Die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) betaal die eiser uit vir 'n periode van ... maande. (1)

[15]

VRAAG 3: ORGANISASIESTRUKTUUR

3.1 Gee 'n werksbeskrywing van VYF aspekte wat jy aan 'n nuut aangestelde ontvangsklerk in jou departement sou gee. (5)

3.2 Noem VYF eienskappe van 'n middelgroot maatskappy. (5)

3.3 Gee VYF voorbeelde van funksionele desentralisasie. (5)

3.4 Verduidelik elk van die volgende soorte kommunikasie:

3.4.1 Formele kommunikasie

3.4.2 Informele kommunikasie

(2 × 1) (2)

3.5 Gee DRIE voorbeelde van eksterne kommunikasie in 'n organisasie. (3)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: BESTEDING VAN LONE

4.1 Voltooi die volgende paragraaf oor waarborge en garansies deur die korrekte woord vanuit dié in hakies te kies. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

'n (4.1.1 Waarborg/Garansie) is soos 'n versekeringspolis omdat dit die produk dek (4.1.2 buite/gedurende) die toets- en oorspronklike vervaardigers (4.1.3 garansie/waarborg)-tydperk. Dit beteken dat jy nie hoef te (4.1.4 betaal/wag) vir herstelwerk as die item sou breek of defektief raak binne die tydperk wat deur die (4.1.5 waarborg/garansie) gedek word nie. (5 × 1) (5)

4.2 Gee DRIE nadele daarvan om by groot supermarkte te koop. (3)

4.3 Gee DRIE voordele daarvan om te begroot. (3)

4.4 Noem VIER soorte spaarrekeninge. (4)
[15]

VRAAG 5: INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS

5.1 Noem SEWE gelowe wat in Suid-Afrika beoefen word. (7)

5.2 Toesighouers speel 'n baie belangrike rol in die bestuur en volgehoue motivering van werknemers.

Noem DRIE nadele as 'n toesighouer werknemers in die openbaar sou kritiseer. (3)

5.3 Jy word aangestel as 'n algemene bestuurder by RV Raadgewende Ingenieurs.

Noem VYF kernbestuursfunksies wat jy sal moet verrig. (5)
[15]

VRAAG 6: INDUSTRIËLE ARBEIDSVERHOUDINGS

6.1 Defineer *uitsluiting* soos dit gebruik word in arbeidsverhoudings. (2)

6.2 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes stel dat werknemers toegelaat mag word om verlof te neem.

Noem VYF soorte verlof wat werknemers mag neem. (5)

6.3 Noem DRIE doelwitte van die Wet op Arbeidsverhoudinge. (3)

Kopiereg voorbehou

6.4 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.4.1–6.4.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.4.1 'n Vakbond is 'n …

A vereniging van werknemers ontwerp met die doel om werkstoestande te verbeter.
B daad van samekoms om kwessies met die bestuur op te neem.
C vereniging waar alle lede met die bestuur saamstem.
D vereniging by die werk wat werkers straf wat skuldig bevind word.

6.4.2 Die regering van Suid-Afrika het 1 Mei tot openbare vakansiedag verklaar ná druk vanaf vakbonde.

Hierdie dag word nou … genoem.

A Arbeidsverhoudingsdag
B Werkersdag
C Vryheidsdag
D Vakbonddag

6.4.3 Watter EEN van die volgende dienste word NIE deur vakbonde verskaf NIE:

A Regshulp
B Welsynsvoordele
C Fisiologiese behoeftes
D Opvoeding en opleiding

6.4.4 Die betekenis van NUMSA is:

A National Union of Members of South Africa
B National Union of Materialworkers of South Africa
C National Union of Mineworkers of South Africa
D National Union of Metalworkers of South Africa

(4 × 1) (4)
[14]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou